HEFSIBA NUUSBRIEF

Van Kruger en Antoinette du Preez

10 Augustus 2009

Liewe Vriende!

Dag ons is hierdie tyd al in Mosambiek - nou sit ons gestrand aan die walle van die Vaal in die Vrystaat. Die meeste van julle het seker verneem dat die blaaskanker weer hervat het by my en dat ek nou 'n verdere 6 weke behandeling moet ontvang daarvoor.
Hoe lui die spreekwoord nou weer? Die mens wik maar God beskik? Sy weë met ons is nie altyd duidelik nie. Lees hoeka vanmôre van die vrome koning Josia waar daar van hom geskrywe staan;
Voor hom was daar nie 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het nie.
Dit het hy gedoen met sy hele hart en siel en met al sy kragte, volgens al
die gebooie van Moses.(2 Kon 23:25).
En net daarna lees mens dat die koning van Egipte, farao Nebo, hom doodgemaak het toe hulle by Megiddo teenoor mekaar te staan gekom het. Mens sou dit bietjie anders verwag het - nie waar nie? Tog word dit seker uitgebalanseer deur die Nuwe Testamentiese waarheid dat niks sommer toevallig gebeur nie en dat alles ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet. Ons aanvaar dit ook so en is oop vir Sy leiding.

Ons het Vrydag na Parys gegaan vir my eerste behandeling. Deesdae, lyk dit my, moet die pasiënt alles koop en moes ons inderhaas deurry na Klerksdorp om alles te kry. Die behandeling op sigself is niks dramaties en was heel gou-gou klaar. Die uroloog deel my toe mee dat die newe-effekte gewoonlik eers na die tweede of derde behandeling begin. Verkeerd! Myne begin toe sommer al Saterdagmiddag. Ek kry koue koors, my kop voel of dit wil bars, ek's naar, moet elke nou en dan 'n baie vinnige draai in die badkamer gooi, ens.

In die diepte van my ellende vind die volgende gesprek toe tussen my en my wederhelfte plaas:
Sy: Kruger, ek het ontdek ons het nog biltong en droë wors - kan ek vir jou bring?
Ek: Ek walg net aan die idee om dit te sien of te ruik.
Sy: Jy moet siek wees, my man. Kan ek vir jou iets bring om te lees?
Ek: Nee! Ek wil nie iets geskryf naby my hê nie.
Sy: Jy moet regtig siek wees, my arme man - wat nog wil jy nie naby jou hê nie?
Ek: Jou lyf - ek het daar geen behae in nie!
Sy: Jy moet baie, baie siek wees my man.
Ek: Maar bring asb vir my Coke vir die koors
Sy: Bly om te sien aan jou lus vir Coke jy's darem nie tot sterwens na aan dood nie!

Ek voel vandag, Dinsdag, darem al baie beter. Kom interessante verse teë in hierdie dae,

soos Spreuke 18:14 "Innerlike sterkte laat 'n mens sy liggaamlike siekte dra. Hoe kan niemand egter uithou as hy moed verloor het".

Dankie vir die baie gebede wat vir ons opgaan in hierdie tyd en die boodskappe van bemoediging wat ons ontvang het - dit dra ons en help ons om nie moed te verloor nie - met my God loop ek 'n bende storm en spring ek oor 'n muur (ook die muur van kanker!).

"VAKANSIE" IN DIE STRAND

Ons het oor die algemeen lekker weer gehad terwyl ons daar in die Zikomo sendingwoonstelle in die Strand "vakansie" gehou het. Ek skryf dit in aanhalings want ek moes maar voor die boeke sit terwyl Antoinette haarself geniet het. Ons is die Getuienisaksie van Wes-Kaap se NG Sinode so dankbaar vir so 'n plek waar ons heel goedkoop 'n holte vir die voet kan vind aan die suidpunt van ons kontinent.

Ons het ook die volgende NG gemeentes besoek tydens ons verblyf daar en kon preek en 'n "Powerpoint"-aanbieding oor HEFSIBA doen: Robertson-Oos, Kleinmond, Bettiesbaai en Montagu. In die proses ook van my ou klasmaats te siene gekry soos dr Schalk van Wyk en ds Almo Zietsman - manne wat nog sterk staan in Sy diens. Ons is orals hartlik ontvang en bemoedig deur die gemeentes se bereidwilligheid om voort te gaan met die ondersteuning van Hefsiba.

So van klasmaats gepraat - ons het ook 'n mini-reünie bygewoon van ons "Agterbanker" groep. Dit is nou 'n groep van ons wat ons eie groep gestig het tydens ons Teologiese Skooldae en naas saam studeer, ook saam "ge-social" het. Nie een van ons is meer voltyds aan 'n gemeente verbonde nie, maar almal staan nog in Sy diens op heel unieke wyses. Dr. Cristo Lombard is 'n dosent aan die Universiteit van Wes-Kaap, dr Riaan van der Merwe is 'n Pastorale Raadgewer wat veral "Retreats" organiseer vir predikante en ds Pieter Oberholzer doen baanbreker werk by 'n organisasie wat hom beywer vir die regte van Homoseksuele en Lesbiërs. Ons het tot laatnag gesels oor die verlede, ons siektes en skete, ons kinders, ens., en hoe die Here ons nog steeds, deur Sy genade, gebruik in Sy diens.

Merk nou op dat ek "in Sy diens" te veel herhaal wat my laat dink aan die knaap wat by 'n oorlogsgedenkteken in die kerk se voorportaal, gestaar het na al die name van gestorwe soldate. Die dominee is toe ook daar naby en die seun wou van hom weet wat al die name nou eintlik beteken. "Dit is jong manne en vrouens wat in diens dapper gesterf het" antwoord die leraar. Met 'n bewerige, bang stemmetjie vra die seun toe: "Watter diens dominee? Die 8h30 een of die 10h00 een?"(Dankie aan my een promotor, dr Arend Carl wat die grappie vir my gestuur het - hoop nie hy vind my Hoofstukke wat ek aan hom gestuur het net so amusant nie!) My ander promotor, prof Jurgens Hendriks het onlangs 'n heupoorplanting gehad en het my laat weet dat my Hoofstukke by hom in die hospitaal is - hoop nie hy merk dit as hy erge pyn verduur en in 'n depressie is nie! Ons kan gerus vir hom bid dat hy spoedig weer op die been sal wees).

NetACT KONFERENSIE IN STELLENBOSCH

Dosente in Ou en Nuwe Testament, HIV en Vigs, rektore van Teologiese Skole en "Secretary Generals" van verskillende kerke uit Kenia, Nigerië, Malawi, Mosambiek, Zambië, Namibië, Zimbabwe, Angola en Suid-Afrika, het die laaste week van Julie buite Stellenbosch saamgetrek om te praat oor veral Kurrikulum Ontwikkeling. Dit was heerlik om ook van HEFSIBA se dosente daar te siene te kry en ons het heerlik gekuier. Di. Aaron, Manasse en Timóteo het die Ou en Nuwe Testament werkswinkel bygewoon en ek die een oor HIV en Vigs.

Een hele dag is ook aan my afgestaan om lesings te gee en dit het deur die genade heel goed gegaan. Ek het gepraat oor hoe wêreldvisies ons kurrikulums beïnvloed en hoe 'n Bybelse wêreldvisie dit behoort te beïnvloed. Ook gepraat oor die ontwikkeling in Analitiese denke en assessering. Ek het baie goeie terugvoering gekry van dosente wat besluit het om ernstig te probeer om die standaarde van hulle inrigtings te verbeter en te konteksualiseer binne 'n Afrika verband. Van die Teologiese Skole het in hulle kommentaar in die Vraelyste my deel van die werkswinkel bestempel as 'n "eyeopener"- ek is baie dankbaar daarvoor.

Die HIV en Vigs werkswinkel was 'n opvolgwerkswinkel. Ons het net weer ontdek hoe geweldig wyd HIV en Vigs is en vertakkinge vind in feitlik al die teologiese vakke se kurrikulums - van dogmatiek tot pastoraat. Groot is natuurlik ook die geleentheid om sout, lig en eilande van hoop te wees in hierdie stukkende wêreld.

Dankie aan die wat aan my gedink het met die voorbereiding en gee van die lesings. Bid asb vir al hierdie teologiese skole - dat hulle dinamies sal wees met hoë geestelike en akademiese standaarde en manne en vroue van integriteit sal oplewer wat die Goeie Nuus met oortuiging en ingeligtheid sal kan versprei.

AMPERSE SKORSING VAN SENDELINGDOSENTE

Ons het groot skrik gevang toe ons onlangs verneem het dat die Regering daar in Mosambiek vir HEFSIBA besoek het en fout daarmee gevind het dat die sendelinge by Religieuse Sake geregistreer is en nie by die Onderwys Departement nie. Hulle het gevra dat ons dadelik moet ophou werk en dat HEFSIBA sy huis in orde moet kry. Na 'n klomp geskarrel is daar later toegelaat dat ons wel tydelik kan voortgaan met klasse, maar dat die registrasieproses moet binne 'n maand moet geskied.

Dank asb die Here saam met ons vir hierdie deur wat weer oopgegaan het en bid asb dat die registrasieproses by die Onderwys Departement vlot sal verloop.

SENDELING PERSONEELSAKE

Petria Theron was ook vir 'n heen-en-weertjie in SA en sy het saam met ons afgery na die Suide. Ons kon toe al die agterstallige nuus weer inhaal. Sy skryf in haar nuutste Nuusbrief hoe een van ons aandstudente uit SA gehelp kon word met sy agterstallige klasgelde sodat hy weer kan aangaan. Hy was 'n volkome alkoholis toe hy by ons begin het en is nou 'n skerp, nugter student wat die Here dien - Hallelluja! Sy het ook 'n foto gestuur van die aanbouings aan haar huis wat in aanvang geneem het - groot opgewondenheid. Dankie aan almal wat hiertoe bygedra het!

Marie Smit was ook in SA. Sy het 'n kursus in Engels kom bywoon in Pretoria en dit baie goed gevind. Dit is 'n kursus wat op CD's is en wat studente help om vinniger en met begrip Engels te lees en hulle woordeskat uit te brei. Sy het die kursus met onderskeiding geslaag en ons is baie trots op haar. Sy het ook goed "gebond" met haar nuwe kleinkind. By haar terugkeer moes sy egter verneem dat haar man Dirk en sy werkers, skuldig bevind is op betreding van die kerk se pastorie op Tete. Die dame wat die plek huur,'n baie moeilike (en skelm) vrou, beweer dat sowat R20 000 verdwyn het uit haar huis gedurende die tydperk.wat hulle die huis gerestoureer het. Bid asb baie vir Dirk en Marie dat hulle nie sal moeg word om goed te doen nie - na alles is God die regverdige Regter.

Dit gaan nog baie goed met Aaron Muswubi en sy gesin - dit was heerlik om hom daar in Stellenbosch te siene te kry. Hy het ook een oggend die "devotions" daar gelei en die rektor van die Murray Teologiese Skool in Zimbabwe laat opmerk: "This man has the ability to let the Word of God speak to us".

DIE FOTO

Ek sluit 'n foto in van die HEFSIBA afvaardiging by die NetACT konferensie.
Ds. Timóteo is links met sy nuwe leerbaadjie, dan ds Manasse met sy "flashy" baadjie en dan Aaron en ek - meer konvensioneel. Ds. Timóteo is ons dosent in Nuwe Testament en ds Aaron is die dosent in Ou Testament en in Grieks en Hebreeus. Ds. Manasse is ons dosent in Dogmatiek en Etiek en gaan in die semester begin om Honneurs klasse aan te bied in Etiek.

Ek is dosent in Praktiese Teologie.

Bid maar asb gereeld vir al ons dosente van HEFSIBA

Wees gegroet uit Parys waar die blaarlose bome langs die rivier gretig wag op die lente.

Kruger en Antoinette du Preez

NS Onthou om te kyk na ons splinternuwe Webtuiste by www.hefsiba.org Al die fotos van ons teologiese studente verskyn ook nou daarin. Attie en Anél van der Walt hou dit vir ons op datum - baie dankie ook aan hulle!

BANKBESONDERHEDE: HEFSIBA

ABSA Lynnwoodrif Pretoria
Takkode: 333-845
Rek. Nr. 14-2015-5464

Dui asb duidelik op strokies aan waarvoor die geld gebruik moet word en van wie dit kom.

Kontakpersoon: Corrie Swanepoel (Oostelike Sinode). Tel. 012-8049543